Om te dien met die liefde van Christus, sodat mense hier 'n tuiste kan vind

# NG Gemeente Nylstroom-Oos


www.ngnylstroomoos.com

Ds Ewald Schmidt 082 579 6648
Ds Danie Jacobs 082 499 2751

Admin: 072 262 5929
Finansies: 073 411 6944
admin@ngoos.co.za
kerkkantoor@ngoos.co.za
Kantoorure: Ma-Do, 08:00 - 14:00
Vr, GESLUIT


27 Sept - 10 Okt 2026

Koninkrykstyd

## Eredienste

YouTube
ngnylstroomoos

09:00 Erediens
Ontvang nuwe intrekkers:
27 Sept: Carina Barnard, 4 Okt: Carina Barnard
Blomme: Gerda van Biljon
Dankie aan die persone wat help met verwelkoming en teeskink vandag

## Dagboek

27 Sept - 10 Okt

**5:** 16:00 FBK vergadering
**6:** Skole open
: 08:00 Personeelvergadering (kantoor gesluit)
: 09:00 Bybelstudie
**7:** 18:00 Lofprysing en Aanbidding
**8:** 07:30 Woord en Brood

Ds Ewald Springbokvlakte preekbeurt:
25 Oktober

## Gebedslys

Langdurige siekte:
Dirkje Combrink; Mike van Biljon, Naas du Preez, Christo Pienaar en Hannetjie Pienaar.

Siektes/operasies:

- Alwyn en Stienie Meyer se dogter ontvang steeds kankerbehandeling;
- John Becker sterk goed aan;
- Arrie Vosloo sterk tuis aan na operasie;
- Pietie Thiart is tans in die hospitaal;
- Boei du Plessis sukkel met sy gesondheid;
- Boshoff Davel is tans in die hospitaal;
- Michelle Huisamen ontvang tans behandeling vir 'n gewas agter haar oog.

Met leedwese...
Ons verneem van Lionell Smit en Elna Greef se afsterwe.
Ons dink in besonder aan hulle geliefdes.

# Gebedsriglyne

27 Sept - 11 Okt

A. FOKUS OP GOD

***"Julle moet in My bly en Ek in julle." Joh 15:4***

- Wat beteken hierdie opdrag van Jesus vir jóú?
- Vra dat Sy Gees met jou sal praat uit Sy woord en luister met nuwe ore na wat Hy vir jou wil sê in Joh 15:1-16.
  - Wat wil Jesus vir ons leer oor Homself en oor die Vader?
  - Wat is die voorwaardes wat saam met elke belofte gaan? (wanneer ek volgens hierdie voorwaardes leef sal my begeertes en my gebede gerig wees tot voordeel van Sy koninkryk en tot verheerliking van die Vader – Dán sal Hy gee wat ek vra).

B. VERANDER MY HERE

- Gesels met die Here oor wat jy hoor en oor daardie aspekte van jou lewe wat Hy wil nuut maak.
- Gebruik dan Ps 63:1-9 as 'n toewydingsgebed.

C. GOD SE KONINKRYK

***"My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie"*** – Joh 18:36

- Wat is volgens Fil 2:1-16 die dinge wat belangrik is in God se koninkryk?
- Bid dan deur hierdie gedeelte vir jouself en vir ons gemeente.
  - Dat ons hierdie beginsel sal verstaan, dat dit in ons harte sal leef en sigbaar sal word in ons woorde en optrede.
- Bid solank vir Noordelike Sinodesitting van die kerk wat van 18-22 Oktober plaasvind.
- Vir eerlike soeke na God se wil en vir ontvanklikheid vir die leiding van die Heilige Gees.
- Dat God en Sý koninkryk die eerste prioriteit sal wees in elke gesprek.

D.VOORBIDDING

***"Beywer julle altyd vir die belange van julle medegelowiges en ander mense... Bid gedurig"*** – 1 Tess 5:15+17

- Gebruik die weeklikse afkondigings om te bid vir mense wat siek is en ook hulle wat deur 'n beproewing gaan.
- Bid ook vir die belange van enige ander mense wat die Here op jou hart kom lê.
- Bid spesifiek ook vir stukkende gesinne en jongmense.

*"Hý genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde."* – Ps 147:3

- Bid vir die hoof van AKKH (Gerda van der Merwe) en al die personeel wat daagliks werk met seerkry kinders:
  - Dat God hulle sal toerus met wysheid, liefde, deernis en geduld.
  - Dat hulle in afhanklikheid van God en altyd in die beste belang van die kinders besluite sal neem en sal optree.
  - Bid God se seën oor hulle en oor elke kind.

E.AFSLUITING

*"Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep. Aan dié wat Hóm dien, gee Hy wat hulle vra."* – Ps 145:18-19.

Indien u die gebedsriglyne op WhatsApp wil ontvang in groter skrif, kontak Marietha Ueckermann by 072 451 2385.

# Dankoffer-projek

Onthou ons dankoffer-projek wat vanaf September tot November plaasvind.

Spesiale koevertjies is by die deure vir die wat kontant wil bydra.

Gaan kyk gerus in die voorportaal na die groeiende vuurkolom, daar is ook meer inligting beskikbaar.

Totale dankoffers ontvang tot op datum:
R850

## Springbokvlakte Gemeentekamp

Springbokvlakte gemeente het ons saamgenooi vir hulle gemeentekamp:

- 23-25 Oktober 2026
- Kontak Marnel Joubert by 0829244767 vir besprekings so gou moontlik.
- Swembad en glywurm beskikbaar.
- Die naweek se program sal later deurgegee word.

Koste is gratis maar daar sal ñ donasieboks vir donasies beskikbaar wees.




Ons vra vriendelik dat, indien u enkellopend is, u asb 'n kontaknommer van 'n naasbestaande aan die kantoor verskaf. Hierdie inligting sal slegs gebruik word indien dit nodig sou wees om u naasbestaande in 'n belangrike situasie te kontak.

# Verjaarsdae

27 Sept - 10 Okt 2026

**27:** Poppie Dwinger, Frans Rossouw, Esmé Reichél, Elsje Roos, Stephan Schmidt, Kalista Toet;
**28:** Rolan Frick, Anje Janse van Rensburg, Dylan Bezuidenhout;
**29:** Magda van der Walt, Stephen Bender, Grové Viviers;
**30:** Johan Janse van Rensburg, Annalise Verhoeven, Jan-Pierre Jacobs;
**1:** Gert Bosman, Anton Badenhorst;
**2:** Annemarie Labuschagne;
**3:** Rudie Fourie, Seun van Rooyen, Tanya Jansen van Vuuren, Karla Brits;
**4:** Ian Tolmay, Hennie Blignaut;
**5:** Bianca Bruwer;
**6:** Annelé Blignaut;
**7:** Allie van Wyk;
**9:** Magda Pretorius, Elsabé Fourie, Zak Burger, Elzaan Meintjies;
**10:** Marinda Bouwer, Reta Lombard, Gerty van der Merwe.

## 75 & ouer:

**29:** Stienie Basson;
**30**: Tonnie Swart;
**1:** Blacky Swart, Sonja Coetzer;
**2:** Elize Swanepoel;
**3:** Thys du Toit;
**6:** Judy Conradie;
**7:** Pietie Thiart, Susan Opperman;
**9:** Spooky Eygelaar.

Indien jou naam nie op die verjaarsdag lys verskyn nie, beteken dit ons het nie jou inligting op ons lidmaatstelsel nie. Kontak asb die kantoor sodat ons jou inligting kan opdateer/byvoeg.

Kollekte opgawes

Ons het asb helpers nodig met die opneem van kollekte gedurende die eredienste. Daar word ook helpers benodig vir die tel van die kollekte na afloop van die erediens. Indien jy kan help kontak asb vir Pieter Jordaan 078 171 2891.

SnapScan

Maak gerus betalings na die gemeente deur die meegaande QR kode te skandeer.
Spesifiseer asb waarvoor die betaling is in die 'Payment reference' blokkie - kollekte, bydrae vir (Bybelgenootskap, fees) ens.